


no. 4 en 5) is, Italiaanse titels ten spyt, gekomponeer in dieselfde stemmingsvolle styl as van die korter Reger-karakterstukke vir orrel.

In *Tre Momenti francescani, Op.140* (1920) openbaar Bossi homself as 'n toonskilder van formaat. Hierdie laat-werk is gebaseer op sekere indrukke uit Franciscus van Assisi se lewe. *Fervore* (Vurige ywer / Innigheid), sowel as *Colloquio colle rondini* (Gesprek met die swawels), roep ekstatiëse meditasies oor die natuur op, en die meesterlike wyse waarop toonskildering plaasvind, herinner sterk aan die sfeervolle komposisies van Debussy.

Die orrelis Pier Damiano Peretti, tans verbonde aan die Weense Konservatorium vir Musiek en Uitvoerende Kunste, lewer 'n weldeurdagte en uiters musikale uitvoering van hierdie aantreklike literatuur. Die opnames is gemaak op die Verden-katedraal se Furtwängler & Hammer-orrel uit 1916. Die klankidroom is Duits-simfonies, met volronde 8'-klanke, indrukwekkende tongwerke van verskillende aard en die nodige hoër registers om die klankpalet te voltooi. Dit alles gesê, slaag Peretti daarin om die nodige Franse klanke voort te bring in die komposisies wat dit vereis. Mag daar spoedig nog Naxos-uitreikings van Bossi-komposisies wees.



HENDRIK ANDRIESSEN – ORGAN WORKS

Sonata da Chiesa; Intermezzo I - IV (uit: *Intermezzi per organo, prima raccolta*); *Premier Choral; Intermezzo IX - XI* (uit: *Intermezzi per organo, prima raccolta*); *Thema met variaties; Intermezzo XIX - XXI* (uit: *Intermezzi per organo, seconda raccolta*); *Toccata; Aria*.

Willeke Smits (orrel)

TRCS 600606 (CD 60.08) "Composer Series"

Nederlandse kommentaar ingesluit

Opname: Sint-Willibrordkerk, Utrecht, Nederland

In die skitterend gerestoureerde St. Willibrordkerk te Utrecht, Nederland, staan daar 'n 2-manuaal Maarschalkerweerd-orrel van middelslaggrootte wat deur die jare verskeie herbouings en herplasinge beleef het. In 1998 is die orrel uit die kerk verwyder terwyl die kerkrestourasie aan die gang was. Terselfdertyd het die orrel ook 'n grondige restourasie ondergaan voordat dit weer in die kerk teruggeplaas is in 'n gunstiger opstelling: direk onder die loodglasvensters teen die agterste muur van die skip, teenoor die altaar, met die speeltafel direk onder die orrelkas op die grondvloer.

Onlangs is 'n CD uitgereik deur die Utrechtse orrelis Willeke Smits, gewy aan komposisies van Hendrik Andriessen, eens die direkteur van die Utrechtse Musiekkonservatorium en orrelis van die Katolieke Catharijne-katedraal. Vier van Andriessen se bekendste, en waarskynlik mees-gespeelde komposisies, nl. *Sonata da Chiesa*, *Premier Choral*, *Thema met Variaties* en *Toccata*, word telkens afgewissel met 'n versameling korter *Intermezzi*. 'n *Aria* ('bonus track') sluit die program af.

Die oorheersende invloed op die Andriessen-werke is onmiskenbaar Frans. In die *Premier Choral pour orgue* verleen hy klankmatig, maar ook in vormgewing, erkenning aan die *Trois Chorals* van Cesar Franck. 'n Eie-geskepte koraaltema word, wat motiewe en harmonieë betref, ontgin en lei die werk tot 'n majestueuse slot. Die *Sonata da Chiesa* is opgeneem in die Unisa-orrelsillabus en is waarskynlik hier ter plaatse die bekendste werk uit die Andriessen

orrel-œuvre. Die sarabande-tema van 16 mate word waardig aangebied, gevolg deur die verskillende variasies, kontrasterend geregistreer, en die imposante *finale*. Die statige *Thema met variaties* ontvou ewe plegtig deur 'n reeks aaneenlopende variasies om uiteindelik af te sluit met 'n forse plenumklank, net soos met die aanvang. Hoewel die *Toccata* nie uitsonderlike tegniese eise stel nie, bestaan dit nogtans uit indrukwekkende openingsakkoorde en dartelende passasies wat lei tot 'n innige, stadige middeldeel. Die passasies hervat weer, aanvanklik sag, en ontwikkel dan verder, aangehelp deur 'n geleidelike toename in klankvolume met deurdagte registrasietoevoegings, tot 'n imposante afsluiting. Nege *Intermezzi* en ook die *Aria* (waarmee die CD afsluit), is almal atmosfeerryke miniature waarin die fluit- en strykerregisters hoofsaaklik gebruik word.

Smits toon dat sy 'n musikus is met 'n fyn musikale aanvoeling – nie net vir die poëtiese elemente in die musiek nie, maar ook vir die meer ekstroverte, tegniese moeiliker dele. Haar keurige en kleurvolle registrasies verhoog die luistergenot van hierdie CD. Wat hierdie opname ook besonders maak, is dat die klankideaal van die orrel ooreenstem met die Maarschalkerweerd-orrel in die Catharijne-katedraal waar Andriessen lank orrelis was.

Die meegaande geskrewe inligting tot hierdie CD bevat 'n uitgebreide essay oor Andriessen, en deur die vermenging van inligting oor sy komposisiestyl, spesifieke programnotas en lewensloop, kry die leser 'n fassinerende blik op hierdie geëerde Nederlandse musikus, komponis en orrelis. Twee foto's van Andriessen, een van Smits voor die speeltafel van die Willibrord-orrel, asook 'n lyntekening en disposisie van die orrel waarop die opnames gemaak is, rond die geheel af.

FÉLIX-ALEXANDRE GUILMANT (1837-1911) – SONATES 1-5



CD 1: *Sonate I Opus 42 en re mineur; Lamentation Opus 45/1; Sonate II Opus 50 en re majeur; Lamento ut mineur; Sonate III Opus 56 en ut mineur; Fugue Grave.*

CD 2: *Sonate V Opus 80 en ut mineur; "Ce que Dieu fait est bien fait" Opus 93; Sonate IV Opus 61 en re mineur; Elevation sur le Noël Carcassonnais Opus 6; Prière Opus 56 (uit: l'Organiste pratique pour harmonium, 9me livraison).*

Ad van Sleuwen (orrel en harmonium)

Brabantse Orgelklanken BO 17548058 (CD 1: 78:42 en CD 2: 72:38)

Nederlandse kommentaar ingesluit

Opname: Sint-Josefskerk, Tilburg, en Petruskerk, Hilvarenbeek, Nederland

Gedurende 2011 is die sterwensjaar van Guilmant 'n honderd jaar gelede herdenk. 'n Hele reeks opnames van sy orrelwerke, veral die orrelsonates, is uitgereik. Verskeie konserte het ook bygedra tot die gedenkjaar. Van Sleuwen se opnames van die eerste 5 orrelsonates en enkele ander korter werke, is deels opgeneem gedurende 1992/93 en ook gedurende November 2011. Hierdie 2012-uitreiking is 'n aangename verrassing, aangesien dit nie net gekenmerk word deur uitmuntende spel en interpretasies nie, maar ook omdat